CAUSE FOR JUSTICE

TEL: +27 (0)74 355 0775
FAX: +27 (0)86 725 0837
EMAIL: INFO@CAUSEFORJUSTICE.ORG
POSTAL ADDRESS: P. O. BOX 12622, DIE BOORD, 7613, SOUTH AFRICA
WEBSITE: WWW.CAUSEFORJUSTICE.ORG

MEDIA VERKLARING

PREVENTION AND COMBATING OF HATE CRIMES AND HATE SPEECH BILL

Op 31 Januarie 2017 het Cause for Justice ("CFJ") voorlopige kommentaar en voorstelle op die ***Prevention and Combating of Hate Crimes and Hate Speech Bill*** ("die Haatspraak Wetsontwerp") by die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling (DJGO) ingedien.

CFJ is 'n nie-winsgewende menseregte organisasie wat in 2013 gestig is om grondwetlike geregtigheid in Suid-Afrika te bevorder deur middel van deelname aan die wetgewende proses en regeringsbesluitneming-strukture, litigasie en publieke bewusmaking oor kwessies van publieke belang. Besoek ons webstuiste vir verdere besonderhede met betrekking tot die werk wat ons doen: http://causeforjustice.org/ en ons betrokkenheid by hierdie aangeleentheid: http://causeforjustice.org/protection-of-free-speech-cause/

Om die Wetsontwerp te besigtig, volg hierdie skakel: http://causeforjustice.org/newsitev2/wp-content/uploads/2016/11/Hate-Crimes-and-Hate-Speech-Bill.pdf

Om CFJ se vertoë te lees, volg die skakel: http://causeforjustice.org/newsitev2/wp-content/uploads/2016/01/Hate-Crime-and-Hate-Speech-Bill_Cause-for-Justice-submission_31.01.2017.pdf

Oorsig van die Wetsontwerp

Die Wetsontwerp poog om twee nuwe strafregtelike oortredings in die Suid-Afrikaanse reg daar te stel, naamlik "haat misdaad" en "haatspraak". In terme van die Wetsontwerp is die straf vir "haatspraak" 'n boete en/of tot en met 3 jaar gevangenisskap vir 'n eerste oortreding, en 10 jaar vir 'n herhaalde oortreding.

Oorsig van CFJ se vertoë oor die Wetsontwerp

1. 'n Hele aantal definisies in die Wetsontwerp is te wyd and sal ernstige nadelige gevolge vir VRYHEID VAN SPRAAK en ander vryhede hê - veral ook VRYHEID VAN GELOOF. Die Wetsontwerp het die potensiaal om mense deur dreigende kriminele sanksies daarvan te weerhou om hulle oortuigings, denke en opinies te kommunikeer, ongeag van hoe opreg en objektief verdedigbaar hul oortuigings mag wees.

2. Dit stel ook voor om verskeie vorme van kommunikasie wat individue of groepe as "bedreigend, afbrekend ("abusive") of beledigend" kan ervaar, te kriminaliseer.

3. Omdat die Wetsontwerp poog om spraak te kriminaliseer, kan dit tot gevolg hê dat mense tronk toe gaan omdat hulle iets gesê het wat nie "polities korrek" is nie, SELFS AL PROPAGEER DIT NIE HAAT OF HITS DIT NIE LEED-AANDOENING TEEN ENIGIEMAND AAN NIE.

MANAGEMENT COMMITTEE MEMBERS: **RYAN SMIT**, GENERAL MANAGER | **WYNAND VILJOEN**, CHAIRPERSON
CRAIG SNYDERS, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER | **DIETER VON FINTEL**, EX-OFFICIO EXECUTIVE MEMBER

Cause for Justice is a registered public benefit organisation for South African income tax purposes and may issue section 18A receipts, which entitle donors to claim tax deductions in respect of donations made to Cause for Justice. PBO number: 930045148

4. Die huidige bewoording van die Wetsontwerp is dus oop vir ‘n subjektiewe interpretasie van kern begrippe wat tot strafregtelike aanspreeklikheid aandleiding gee. Dit veroorsaak die risiko dat ‘n oordrewe fokus geplaas word op die gevoelens en subjektiewe ervarings van die slagoffer (ontvanger van die kommunikasie), met geen objektiewe standaard waarteen dit vir redelikheid gemeet kan word nie.[1]

In ons vertoë, maak ons ook voorstelle vir hoe die Departement die problematiese aspekte van die Wetsontwerp sou kon aanspreek en hoe die ooglopende ongrondwetlikheid van die Wetsontwerp reg gestel kan word. **Ons verskaf ‘n kort oorsig van die belangrikste voorstelle in ‘n aanhangsel hierby aangeheg.**

Vir meer inligting oor die organisasie, bv. CFJ se visie, missie en ‘n kort oorsig oor Suid-Afrika se eerste genadedood-hofsaak vanaf die inwerkingtrede van ons Grondwet, en ons betrokkenheid daarby, besoek gerus ons webtuiste http://causeforjustice.org/

Vir navrae, kontak CFJ by:

Epos adres: info@causeforjustice.org

Telefoonnommer: 074 355 0775

Vriendelik die uwe,

M Davin
Regsadministrateur en Media Skakel
***Gestuur namens* Cause for Justice: Bestuurskomitee**

[1] Twee voorbeelde is die definisie van ‘skade/leed-aandoening’ (“harm”) en die ‘bewoording van die impak van die oortreding op die slagoffer’. Soos tans in die Wetsontwerp verwoord, is hierdie begrippe vatbaar vir beide ‘n subjektiewe, sowel as ‘n objektiewe interpretasie. Dit is veral kommerwekkend in die konteks van verstandelike en sielkundige skade, in die mate wat die subjektiewe ervarings (seergemaakte gevoelens of aanstoot (“offense”) van oorsensitiewe individue ‘n te swaar gewig gegee word in die bepaling van die gevolge van onbeskermde spraak.

CFJ SE VOORSTELLE AAN DIE DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN GRONDWETLIKE ONTWIKKELING VIR REMEDIëRENDE AKSIE:

(a) Die definisie van die woord "skade/leed-aandoening" ("harm") en "die bewoording van die impak van die oortreding op die slagoffer"

CFJ stel voor dat die definisie van "skade/leed-aandoening" en die "bewoording van die impak van die oortreding op die slagoffer" gewysig word om dit duidelik te maak dat dit objektief beoordeel moet word, ingevolge die standaard van die redelike persoon.

(b) Die regering se mandaat ingevolge die oortreding van "haat misdaad"

Soos dit tans daaruitsien, is dit nie duidelik uit die definisie van "haat misdaad" dat dit nie van toepassing sal wees op iemand wat die nuut-geskepte misdaad "haatspraak" pleeg nie. Daar is gevolglik 'n risiko dat iemand wat "haatspraak" pleeg, dubbeld gestraf kan word, deur hom/haar ook skuldig te bevind aan "haat misdaad".

Ons stel gevolglik voor dat die definisie van "haat misdaad" gewysig word om spesifiek gevalle uit te sluit waar die 'basis-misdaad' "haatspraak" is.[2]

(c) Die definisie van die oortreding van "haatspraak"

Die definisie in die Wetsontwerp is te breed, ongrondwetlik en in sommige gevalle onnodig. Sommige gronde vir aanspreeklikheid is in die Wetsontwerp val buite die bestek van die definisie van "haatspraak" in artikel 16(2)(c) van die Grondwet.[3] Die Suid-Afrikaanse reg bevat alreeds:

- strafregtelike oortredings vir teistering, intimidasie en crimen iniuria (die opsetlike aantasting van iemand se menswaardigheid), asook
- sivielregtelike aksies vir die aantasting van iemand se eergevoel/waardigheid, skade aan sy persoon en eiendom, sowel as laster-eise.

(d) Beskerming van vryheid van uitdrukking

Een van die groot risiko's van haatspraak-wetgewing is die onderdrukking van alle vorme van spraak op maniere wat nie in verhouding is tot die risiko van die skade/leed-aandoening nie. Dit is daarom nodig om die toepassing van haatspraak te beperk sodat dit nie vryheid van spraak meer inperk as wat nodig is om die doel van die ingryping te bereik nie.

CFJ stel voor dat sekere vrystellings/uitsonderings/regverdigingsgronde ingesluit word, in lyn met die Kanadese Strafreg Kode, wat onder andere bepaal dat 'n persoon nie aan haatspraak skuldig sal wees nie –

- indien hy kan aantoon dat die verklarings wat gekommunikeer is die waarheid was;

[2] 'n Haatmisdaad behels strafoplegging vir bevooroordeelde motief by die uitkies van 'n slagoffer van 'n bestaande misdaad. Dus, 'n persoon wat iemand doodmaak omdat die slagoffer 'n spesifieke geloof aanhang, sal skuldig wees aan die 'basis-oortreding', MOORD en sal ook skuldig wees van "HAAT MISDAAD" omdat sy motief 'vooroordeel teen die slagoffer se geloofsoortuigings' was.

[3] Dit sluit in: **"dreigend, afbrekend of beledigend" ("threatening, abusive or insulting")** en **"bring in minagting of bespotting" ("bring into contempt or ridicule").**

- indien, ter goede trou, die persoon ‘n opinie uitgespreek het of gepoog het om deur middel van ‘n argument ‘n opinie aan te voer oor ‘n godsdienstige onderwerp of ‘n opinie gebaseer op ‘n geloof in ‘n godsdienstige teks;
- indien die verklarings relevant was tot enige onderwerp van openbare belang en die bespreking daarvan tot voordeel van die publiek was en indien hy op redelike gronde geglo het dat dit die waarheid was.